

Gedink Fair Islebreiwerk is moeilik? Kyk 'n bietjie hier na ons sketse en probeer 'n keer – as jy dit eers regkry, sal jy nie kan ophou nie! Deur Riana van der Merwe

leer brei in fair isle

DIE TERM FAIR ISLE IN BREIWERK verwys na die kleurrike breiwerk waar gewoonlik net twee kleure per ry gebruik word en albei die drade deur die hele ry gedra word. Die kleur waarmee die motief gebrei word, word aan die agterkant oor die agtergronddele saamgedra en andersom word die agtergronddraad aan die agterkant van die motief saamgedra. Die drade kan in lusse gelaat word of ingeweef word.

Breiers ondervind dikwels probleme met die spanning van Fair Islebreiwerk. Die mees algemene probleme is dat die drade wat saamgedra word, te slap is en aan vingers, knope

ens. vashaak. Die ander probleem is dat die drade te styf getrek is en die breiwerk nie die verwagte breedte het nie. Die regte kant vertoon ook nie mooi glad nie, maar maak bobbels en blase. Die enigste manier om dié probleme uit te skakel, is oefening. Dit sal die beginner baat om eers kleiner projekte aan te pak, soos kouse of 'n mus.

Deskundiges verskil oor watter metode die beste en maklikste is, en dus bestaan daar 'n hele aantal maniere om die ingeweefde drade te brei.

Ons wys hier 'n maklike manier wat algemeen gebruik word.

ONTWERP JOU EIE FAIR ISLE-PATRONE

● Patrone vir kruissteek en tapisserie kan maklik aangepas word vir breiwerk. Onthou net dat die blokkies vir breiwerk effens platter is as die vir kruissteek en as jy dus 'n kruissteekdiagram net so brei, die prentjie platgedruk kan voorkom. Pas dus eers jou diagram aan.

● Maak die wêreld vir jouself makliker deur seker te maak dat elke kleur vir 'n ewe getal rye gebruik word. Dan hoef jy nie die drade so baie af te knip as jy dit aan die ander kant van die werk nodig het nie. Jy kan ook "kul" deur die steke oor te tel op 'n ander naald as die draad aan die ander kant van die breiwerk is.

SORG SÓ VIR JOU WOLTRUI


- Was met die hand in koue water – gebruik 'n gewaarborgde wolwasmiddel.
- Druk water met hande uit – moenie wring nie – en rol trui in 'n handdoek toe. Pars flink om oortollige water te verwyder, herhaal met nog 'n handdoek indien nodig.
- Lamswoltrui kan 30 sekondes in wasmasjien getoldroog word.
- Lê plat neer in skaduwee om droog te word.
- Vou op en bêre – plaas 'n bossie laventelblomme of 'n kusinkie met laventelolie in die rak by jou woltrui – jou trui sal lekker ruik en die laventel sal die motte weghou.

SKETS 1




OM DRADE IN LUSSE TE LAAT: Hou drade aan verkeerde kant van werk en bring vorentoe soos benodig. Laat lusse taamlik slap hang, die maksimum afstand waaroor 'n lus behoort te hang, is 4 tot 5 steke. As die afstand tussen die twee kleure groter is, weef die lus elke 3 tot 4 steke in. Kyk op skets 1 hoe slap die lusse behoort te vertoon.

SKETS 2




OM DRADE IN TE WEEF Volgens dié metode word die draad wat saamgedra word aan die verkeerde kant, bo-oor of onderdeur die werkdraad gelê sodat dit aan verkeerde kant van werk vasgevang word. Die ingeweefde draad vorm 'n op-en-af patroon aan verkeerde kant. Kyk na skets 2 vir verkeerde kant en aanduiding van hoe los die ingeweefde draad moet vertoon.

SKETS 3



Regte kant van werk (regsry): (Skets 3) Hou die twee drade aan verkeerde kant van werk, die een waarmee gebrei gaan word, in regterhand (1e kleur). Die ander draad is in die linkerhand (2e kleur). Steek regternaald in volgende steek, gooi 2e kleur voor 1e kleur verby en oor kruis van naalde. Brei steek in 1e kleur en trek 2e kleur terug. Brei volgende steek gewoon.

SKETS 4



Verkeerde kant van werk (awry): (Skets 4) Hou drade aan verkeerde kant van werk, kleur waarmee gebrei word, in regterhand (1e kleur). Die draad wat saamgedra word, in linkerhand (2e kleur) Steek regternaald in volgende steek soos om te brei. Gooi 2e kleur voor 1e kleur verby en oor regternaald. Brei steek met 1e kleur. Trek 2e kleur terug en brei volgende steek gewoon met 1e kleur.